



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2687

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 20c PRYS
OVERSEAS 30c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 2687

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 161]

PRETORIA, 10 NOVEMBER 1978

[No. 6208

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 286, 1978

COMMENCEMENT OF THE MAGISTRATES' COURT AMENDMENT ACT, 1976

Under and by virtue of the powers vested in me by section 12 of the Magistrates' Courts Amendment Act, 1976 (Act 63 of 1976), I hereby declare that the said Act shall come into operation on 1 January 1979.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twentieth day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-eight.

B. J. VORSTER, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. T. KRUGER.

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 286, 1978

INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP LANDDROSHOWE, 1976

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 12 van die Wysigingswet op Landdroshowe, 1976 (Wet 63 van 1976), verklaar ek hierby dat genoemde Wet op 1 Januarie 1979 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sewentig.

B. J. VORSTER, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. T. KRUGER.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 2222

10 November 1978

MAGISTRATES' COURTS.—AMENDMENT OF RULES OF COURT

The Minister of Justice has, in terms of section 25 (5) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), confirmed the following amendments made by the Rules Board in terms of subsection (3) of the said section to the Rules of Court published under Government Notice R. 1108, dated 21 June 1968:

1. The amendment of the numerical "table of contents and comparative table of numbers of new rules

2600—A

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 2222

10 November 1978

LANDDROSHOWE.—WYSIGING VAN DIE REËLS VAN DIE HOF

Die Minister van Justisie het ooreenkomstig artikel 25 (5) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), onderstaande wysigings wat deur die Reglementsaad kragtens subartikel (3) van genoemde artikel aangebring is aan die Reëls van die Hof afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1108 van 21 Junie 1968, bekragtig:

1. Die wysiging van die numeriese "Inhoudsopgawe en vergelykende tabel van nommers van nuwe reëls

6208—1

and corresponding numbers of previous rules" in the Schedule by—

(a) the substitution for the particulars opposite the undermentioned rules of the following particulars opposite the relative rule number:

| Rule No. | Table of contents | Previous Rule No. | Sec. No. of Act |
|----------|---|-------------------|-----------------|
| "46 | Attachment of Emoluments by Emoluments Attachment Order | 44 | 65J |
| 47 | Attachment of a Debt by Garnishee Order | 43 | 72"; |

(b) the insertion after rule 4 of the following rules and the particulars recorded opposite thereto:

| | | | |
|-------|---|---|-----|
| "4bis | Written Request as First Document in Action | — | — |
| 4ter | Contents of Letter of Demand..... | — | —"; |

and

(c) the deletion of the expression "63" and the particulars at "Rule No. 63" and the expressions recorded opposite thereto.

2. The amendment of the "Index (Alphabetical)" in the Schedule by—

(a) the substitution in the Afrikaans version for the expression "Administrasie-orders" of the expression "Administrasiebevele";

(b) the substitution for the expression "Attachment of a Debt by Garnishee Oder; New No. 46; Previous No. 43; Sec. No. of Act. 72" of the expression "Attachment of Emoluments by Emoluments Attachment Order; New No. 46; Previous No. 44; Sec. No. of Act. 65J";

(c) the substitution for the expression "Attachment of Emoluments by Garnishee Order; New No. 47; Previous No. 44; Sec. No. of Act 72" of the expression "Attachment of a Debt by Garnishee Order; New No. 47; Previous No. 43; Sec. No. of Act. 72;

(d) the substitution in the Afrikaans version for the expression "Tweede of verdere Lasbriewe of Skuldbeslagorders" of the expression "Tweede of verdere Lasbriewe of Skuldbeslagbevele";

(e) the insertion after the expression "Commissions de bene esse, Subpoenas and Interrogatories" of the following expression:

"Contents of Letter of Demand . . . 4ter — —";

(f) the deletion of the expression "Recovery of Small Debts" and the expressions recorded opposite thereto; and

(g) the insertion after the expression "Witnesses, Procedure for Securing Attendance in Civil Cases" of the following expression:

"Written request as First Document in Action . . . 4bis — —".

3. The amendment of rule 1 by the substitution for paragraph (a) of subrule (2) of the following paragraph:

"(a) With the exception of forms 2, 3, 5A and 5B which shall in all respects conform to the specimens, the forms contained in Annexure 1 may be used with such variation as circumstances require. Non-compliance with this rule shall not in itself be a ground for exception but at any court in which a machine has been installed for the purpose of facilitating the issue of summonses, the clerk of the court may refuse to issue any summons purporting to be in the form of

en ooreenstemmende nommers van vorige reëls" in die Bylae deur—

(a) die vervanging van die besonderhede teenoor onderstaande reëls deur die besonderhede wat teenoor die betrokke reëlnommer volg:

| Reël No. | Inhoudsopgawe | Vorige Reël No. | Art. No. van Wet |
|----------|--|-----------------|------------------|
| "37 | Tweede of Verdere Lasbriewe of Skuldbeslagbevele | — | — |
| 46 | Beslaglegging op Besoldiging by wyse van 'n Besoldigingbeslagbevel | 44 | 65J |
| 47 | Beslaglegging op 'n Skuld by wyse van 'n Skuldbeslagbevel | 43 | 72 |
| 48 | Administrasiebevele..... | 45 | 74"; |

(b) die invoeging na reël 4 van die volgende reëls en die besonderhede daarteenoor vermeld:

| | | | |
|-------|---|---|-----|
| "4bis | Skriftelike Versoek as Eerste Dokument in Aksie | — | — |
| 4ter | Inhoud van Aanmaning..... | — | —"; |

en

(c) die skapping van die uitdrukking "63" en die besonderhede by "Reël No. 63" en die uitdrukking daarteenoor vermeld.

2. Die wysiging van die "Inhoudsopgawe (Alfa-beties)" in die Bylae deur—

(a) die vervanging van die uitdrukking "Administrasie-orders" deur die uitdrukking "Administrasiebevele";

(b) die vervanging van die uitdrukking "Beslaglegging op 'n Skuld by Wyse van 'n Skuldbeslagorder; Nuwe No. 46; Vorige No. 43; Art.-no. van Wet. 72" deur "Beslaglegging op Besoldiging by wyse van 'n Besoldigingbeslagbevel; Nuwe No. 46; Vorige No. 44; Art.-no. van Wet. 65J";

(c) die vervanging van die uitdrukking "Beslaglegging op Besoldiging by wyse van 'n Skuldbeslagorder; Nuwe No. 47; Vorige No. 44; Art.-no. van Wet. 72" deur "Beslaglegging op 'n Skuld by wyse van 'n Skuldbeslagbevel; Nuwe No. 47; Vorige No. 43; Art.-no. van Wet. 72";

(d) die invoeging na die uitdrukking "Inhegtenisneming of Beslaglegging om Jurisdiksie te Vestig of te Bevestig" van die volgende uitdrukking:

"Inhoud van aanmaning . . . 4ter — —";

(e) die skapping van die uitdrukking "Invordering van Klein Skulde" en die uitdrukking daarteenoor vermeld;

(f) die invoeging na die uitdrukking "Sekuriteit vir Koste deur Eiser" van die volgende uitdrukking:

"Skriftelike Versoek as Eerste Dokument in Aksie . . . 4bis — —"; en

(g) die vervanging van die uitdrukking "Tweede of verdere Lasbriewe of Skuldbeslagorders" deur die uitdrukking "Tweede of verdere Lasbriewe of Skuldbeslagbevele."

3. Die wysiging van reël 1 deur die vervanging van paragraaf (a) van subreël (2) deur die volgende paragraaf:

"(a) Met uitsondering van vorms 2, 3, 5A en 5B wat in alle opsigte met die voorbeelde moet ooreenstem, kan die vorms wat in Bylae 1 vervat is, aangewend word met sodanige veranderings as wat die omstandighede vereis. Nie-nakoming van hierdie reël vorm op sigself geen grond vir 'n eksepsie nie, maar by enige hof waar 'n masjien aangebring is om die uitreiking van dagvaardings te vergemaklik, kan die klerk van die hof weier om enige dagvaarding wat voorgee met vorm 2 of 3 ooreen te stem maar wat nie aan die

form 2 or 3 but which does not comply with the prescribed requirements or to comply with a request contained in form 5A or 5B.”

4. The deletion of rule 4 (1) (c).

5. The insertion after rule 4 of the following rules:

“RULE 4bis

Written Request as First Document in Action

4bis A written request as referred to in section 59 of the Act shall be directed to the clerk of the court by means of form 5A or 5B, as the case may be.

RULE 4ter

Contents of Letter of Demand

4ter The letter of demand referred to in sections 57 and 58 of the Act shall contain particulars about the nature and amount of the claim.”

6. The amendment of rule 5 by—

(a) the substitution for subrule (1) of the following subrule:

“(1) Subject to the provisions of section 59 of the Act the process of the court for commencing an action shall be by summons calling upon the defendant to enter an appearance to defend the action within a stated time after service (which shall not be less than 3 days, plus one additional day for each 30 kilometres’ distance of the place of service from the court-house, but which shall not exceed 15 days in all) to answer the claim of the plaintiff and warning the defendant of the consequences of failure to do so.”;

(b) the substitution in subrule (3) for the expression “6 (1) (a) (i), (ii) and (iii)” of the expression “6 (1) (a) (i), (ii), (iii) and (iv)”.

7. The amendment of rule 6 by—

(a) the deletion of the word “and” after subparagraph (ii) of subrule (1) (a);

(b) the addition of the word “and” after subparagraph (iii) of subrule (1) (a);

(c) the addition after subparagraph (iii) of subrule (1) (a) of the following subparagraph:

“(iv) a notice in which the defendant’s attention is directed to the provisions of sections 57, 58, 65A, 65D and 65F of the Act in cases where the action is based on a debt as referred to in section 55.”.

8. The amendment of rule 11 by—

(a) the substitution for subrule (3) of the following subrule:

“(3) Subject to the provisions of section 58 of the Act a defendant so consenting before the expiration of the time limited for appearance shall not be chargeable with judgment charges.”;

(b) the substitution for subrule (6) of the following subrule:

“(6) When a defendant has consented to judgment, the clerk of the court shall, subject to the provisions of section 58 of the Act and rule 12 (5), (6) and (7), enter judgment in terms of the defendant’s consent: Provided that where such consent to judgment is contained in defendant’s plea, the clerk of the court shall refer the matter to the court and the court may thereupon exercise its powers under rule 12 (7).”.

voorgeskrewe vereistes voldoen nie, uit te reik of om aan die versoek wat in vorm 5A of 5B vervat is te voldoen.”.

4. Die skrapping van reël 4 (1) (c).

5. Die invoeging na reël 4 van die volgende reëls:

“REËL 4bis

Skriftelike Versoek as Eerste Dokument in Aksie

4bis ’n Skriftelike versoek bedoel in artikel 59 van die Wet word gerig tot die klerk van die hof by wyse van vorm 5A of 5B, na gelang van die geval.

REËL 4ter

Inhoud van Aanmaning

4ter Die aanmaning bedoel in artikels 57 en 58 van die Wet bevat besonderhede van die aard en bedrag van die vordering.”.

6. Die wysiging van reël 5 deur—

(a) die vervanging van subreël (1) deur die volgende subreël:

“(1) Behoudens die bepalings van artikel 59 van die Wet, is die geregtelike prosesstuk waardeur ’n aksie ingestel word, ’n dagvaarding waarin die verweerder versoek word om binne ’n bepaalde tyd na betekening (wat minstens 3 dae moet wees plus ’n addisionele dag vir elke 30 kilometer wat die plek van betekening van die hofgebou verwyder is, maar hoogstens 15 dae, kennis te gee van sy voorneme om die aksie te verdedig ten einde te antwoord op die eiser se vordering en waarin die verweerder gewaarsku word teen die gevolge van ’n versuim om aan die versoek te voldoen.”;

(b) die vervanging in subreël (3) van die uitdrukking “6 (1) (a) (i), (ii) en (iii)” deur die uitdrukking “6 (1) (a) (i), (ii), (iii) en (iv)”.

7. Die wysiging van reël 6 deur—

(a) die skrapping van die woord “en” na subparagraaf (ii) van subreël (1) (a);

(b) die byvoeging van die woord “en” na subparagraaf (iii) van subreël (1) (a);

(c) die byvoeging na subparagraaf (iii) van subreël (1) (a) van die volgende subparagraaf:

“(iv) ’n kennisgewing waarin die verweerder se aandag op die bepalings van artikels 57, 58, 65A, 65D en 65F van die Wet gevestig word in gevalle waar die aksie gebaseer is op ’n skuld in artikel 55 bedoel.”.

8. Die wysiging van reël 11 deur—

(a) die vervanging van subreël (3) deur die volgende subreël:

“(3) Behoudens die bepalings van artikel 58 van die Wet is ’n verweerder wat soos voornoemd toestem voor die verstryking van die tydperk wat bepaal is vir kennisgewing van voorneme om te verdedig, nie vir vonniskoste aanspreeklik nie.”; en

(b) die vervanging van subreël (6) deur die volgende subreël:

“(6) Wanneer die verweerder tot vonnis toegestem het, moet die klerk van die hof, behoudens die bepalings van artikel 58 van die Wet en reël 12 (5), (6) en (7), ’n vonnis ooreenkomstig die verweerder se toestemming aanteken: Met dien verstande dat waar sodanige toestemming tot vonnis in die verweerder se verweerskrif vervat is, die klerk van die hof die aangeleentheid na die hof moet verwys, wat sy bevoegdheid kragtens reël 12 (7) uitoefen.”.

9. The substitution for subparagraph (iii) of rule 12 (1) (a) of the following subparagraph:

“(iii) interest from the date of the summons to the date of judgment at the rate specified in the summons or, if no rate be specified, at the rate prescribed under section 1 (2) of the Prescribed Rate of Interest Act, 1975 (Act 55 of 1975).”

10. The amendment of rule 33 by—

(a) the substitution for subrule (5) (a) (ii) and (iii) of the following subrule:

“(ii) in relation to proceedings under section 65, 65A to 65M, inclusive, and 72 of the Act and all matters ancillary thereto be that set out in Parts I and II respectively of Table B of the said Annexure; and

(iii) in relation to proceedings under section 74 and 74A to 74W, inclusive, of the Act and all matters ancillary thereto be that set out in Part III of Table B of the said Annexure.”;

(b) the substitution for subrule (5) (b) of the following subrule:

“(b) The scale of fees referred to in paragraph (a) (iii) of this subrule shall also be the scale of fees to be taken between attorney and client in relation to proceedings under section 74 and 74A to 74W, inclusive, of the Act.”; and

(c) the substitution for subrule (14) (b) and (c) of the following subrule:

“(b) The costs payable by the judgment debtor in respect of any proceedings under section 65 or 65A to 65M, inclusive, or 72 of the Act shall be inserted by the judgment creditor or his attorney on the face or reverse side of any process issued under either of those sections and assessed by the clerk of the court before issue.

(c) The clerk of the court may refuse to issue any process under section 65 or 65A to 65M, inclusive, or 72 of the Act in which the costs are not inserted or inserted but not according to tariff.”

11. The substitution for the words “garnishee orders” and “garnishee order” where they appear in the heading of rule 37 and in the text of that rule of the words “emoluments attachment orders or garnishee orders” and “emoluments attachment order or garnishee order.”

12. The substitution for subrule (2) of rule 43 of the following subrule:

“(2) (a) The mode of attachment of immovable property shall be by notice by the messenger served in like manner as a summons together with a copy of the warrant of execution upon the execution debtor as owner thereof, upon the registrar of deeds or other officer charged with the registration of such immovable property, upon all registered holders of bonds (other than the execution creditor) registered against the property attached and, if the property is in the occupation of some person other than the execution debtor, also upon such occupier, and upon the local authority in whose area the property is situated.

(b) If the period of attachment is extended as referred to in section 66 (5) of the Act, notice of such extension shall be given to the persons referred to in paragraph (a) in the manner as referred to in that paragraph.”

9. Die vervanging van subparagraaf (iii) van reël 12 (1) (a) deur die volgende subparagraaf:

“(iii) rente vanaf die datum van die dagvaarding tot die datum van die vonnis teen die koers in die dagvaarding vermeld of, indien geen koers vermeld word nie, teen die koers wat kragtens artikel 1 (2) van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet 55 van 1975), voorgeskryf is.”

10. Die wysiging van reël 33 deur—

(a) die vervanging van subreël (5) (a) (ii) en (iii) deur die volgende subreël:

“(ii) met betrekking tot verrigtinge kragtens artikels 65, 65A tot en met 65M en 72 van die Wet asook alle aangeleenthede ondergeskik daaraan, die tarief onderskeidelik in Deel I en II van Tabel B van genoemde Bylae uiteengesit; en

(iii) met betrekking tot verrigtinge kragtens artikels 74 en 74A tot en met 74W van die Wet asook alle aangeleenthede ondergeskik daaraan, die tarief in Deel III van Tabel B van genoemde Bylae uiteengesit.”;

(b) die vervanging van subreël (5) (b) deur die volgende subreël:

“(b) Die tarief van gelde soos in paragraaf (a) (iii) van hierdie subreël genoem, is ook die tarief van gelde wat tussen prokureur en kliënt met betrekking tot verrigtinge kragtens artikels 74 en 74A tot en met 74W van die Wet bereken word.”; en

(c) die vervanging van subreël (14) (b) en (c) deur die volgende subreël:

“(b) Die koste wat deur die vonnisskuldenaar ten opsigte van enige verrigtinge kragtens artikels 65 of 65A tot en met 65M of 72 van die Wet betaalbaar is, word deur die vonnisskuldeiser of sy prokureur op die voor- of agterkant van enige prosesstuk wat kragtens enigeen van daardie artikels uitgereik word, ingevoeg en deur die klerk van die hof voor uitreiking vasgestel.

(c) Die klerk van die hof kan weier om kragtens artikels 65 of 65A tot en met 65M of 72 van die Wet prosesstukke uit te reik waarin die koste nie ingevoeg is nie, of wel ingevoeg is, maar nie volgens die tarief nie.”

11. Die vervanging onderskeidelik in die opskrif van reël 37 en die teks van daardie reël van die woord “skuldbeslagorders” en “skuldbeslagorder” waar dit daarin voorkom deur onderskeidelik die woorde “besoldigingbeslagbevele of skuldbeslagbevele” en “besoldigingbeslagbevel of skuldbeslagbevel”.

12. Die vervanging van subreël (2) van reël 43 deur die volgende subreël:

“(2) (a) Beslaglegging op onroerende goed geskied by wyse van ’n kennisgewing wat deur die geregsbode op dieselfde wyse as ’n dagvaarding, tesame met ’n afskrif van die lasbrief vir eksekusie, beteken word aan die eksekusieskuldenaar as eienaar van sodanige goed, aan die registrateur van aktes of ander beamptes belas met die registrasie van sodanige onroerende goed, aan alle geregistreerde houers van verbande (uitgesonderd die eksekusieskuldeiser) wat geregistreer is teen die goed waarop beslag gelê word, en, as die goed deur iemand anders as die eksekusieskuldenaar geokkupeer word, ook aan sodanige okkupant en aan die plaaslike owerheid in wie se gebied die goed geleë is.

(b) Wanneer die tydperk van beslaglegging verleng word soos in artikel 66 (5) van die Wet bedoel, word kennis van sodanige verlenging gegee aan die persone in paragraaf (a) genoem op die wyse soos in daardie paragraaf bedoel.”

13. The substitution for rule 45 of the following rule:

“RULE 45

Enquiry into Financial Position of Judgment Debtor

45. (1) A notice referred to in section 65A (1) of the Act calling upon the judgment debtor or, if the judgment debtor is a juristic person, a director or officer of the juristic person as the representative of the juristic person and in his personal capacity, to appear before the court in chambers shall be in a printed form and shall indicate the date of the judgment or order, the amount thereof, the balance of the capital, interest, costs and collection fees which the defendant undertook to pay under section 57 (1) (c) of the Act owing as at the date of issue or reissue of such notice and shall be supported by an affidavit (or affirmation) by the judgment creditor or a certificate by his attorney, stating—

(a) the date of the judgment or the date of the expiry of the period of suspension under section 48 (e) of the Act, as the case may be;

(b) that the judgment or order has remained unsatisfied for a period of 10 days from the date on which it was given or became payable or from the expiry of the period of suspension in terms of section 48 (e) of the Act;

(c) in what respect the judgment debtor has failed to comply with the judgment or order referred to in section 65A (1) of the Act, the amount in arrear and outstanding balance on the date whereupon the notice is issued;

(d) that the judgment debtor has been advised by registered letter of the terms of the judgment or of the expiry of the period of suspension under section 48 (e) of the Act, as the case may be, and of the consequences of his failure to satisfy the judgment, and that a period of 10 days has elapsed since the date on which the said letter was posted;

(e) that the court is not barred by the provisions of section 18 of the Hire-Purchase Act, 1942 (Act 36 of 1942), from making an order referred to in that section.

(2) Any alterations in the notice referred to in sub-rule (1) shall be initialled by the judgment creditor or his attorney and by the clerk of the court before issue or re-issue.

(3) When a judgment or order referred to in section 65A (1) of the Act has been given in any court other than the court of the district in which the enquiry is held, the clerk of the court shall not issue the notice until there is lodged with him a copy of the judgment or order of such other court duly certified by the clerk of that court, who shall also certify that the court is not barred by the provisions of section 18 of the Hire-Purchase Act, 1942 (Act 36 of 1942), from making an order referred to in that section.

(4) The authority for the issue of a warrant referred to in section 65F (1) or section 65G of the Act shall lapse if the warrant is not issued within one year from the date of its authorisation: Provided that if it is proved to the satisfaction of the court that for good

13. Die vervanging van reël 45 deur die volgende reël:

“REËL 45

Ondersoek na die Finansiële Toestand van 'n Vonnisskuldenaar

45. (1) 'n Kennisgewing in artikel 65A (1) van die Wet bedoel waarby die vonnisskuldenaar of, indien die vonnisskuldenaar 'n regs persoon is, 'n direkteur of beampte van die regs persoon as verteenwoordiger van die regs persoon en in sy persoonlike hoedanigheid aangesê word om voor die hof *in camera* te verskyn, moet in gedrukte vorm wees en moet die datum van die vonnis of bevel aandui, asook die bedrag daarvan, die saldo van die kapitaal, rente, koste en invorderingsgelde wat die verweerder ingevolge artikel 57 (1) (c) van die Wet onderneem het om te betaal en wat verskuldig is op die datum van uitreiking of heruitreiking van sodanige kennisgewing, en moet gesteun word deur 'n beëdigde verklaring (of 'n bevestiging) deur die vonnisskuldeiser of 'n sertifikaat deur sy prokureur waarin vermeld word—

(a) die datum van die vonnis of die datum waarop die tydperk van opskorting kragtens artikel 48 (e) van die Wet verstryk het, na gelang van die geval;

(b) dat die vonnis of bevel onvoldaan gebly het vir 'n tydperk van 10 dae vanaf die datum waarop dit gevel of gegee is of betaalbaar geword het of vanaf verstryking van die tydperk van opskorting kragtens artikel 48 (e) van die Wet;

(c) in watter opsig die vonnisskuldenaar versuim het om aan die vonnis of bevel in artikel 65A (1) van die Wet bedoel te voldoen, die agterstallige bedrag en uitstaande saldo op die datum waarop die kennisgewing uitgereik word;

(d) dat die vonnisskuldenaar per geregistreerde brief in kennis gestel is van die bepalings van die vonnis of van die verstryking van die tydperk van opskorting kragtens artikel 48 (e) van die Wet, na gelang van die geval, en van die gevolge van sy versuim om aan die vonnis te voldoen, en dat 'n tydperk van 10 dae verstryk het vanaf die datum waarop die bedoelde brief gepos is;

(e) dat die hof nie uit hoofde van die bepalings van artikel 18 van die Wet op Huurkoop, 1942 (Wet No. 36 van 1942), daarvan uitgesluit is om 'n order of bevel in daardie artikel genoem te gee nie.

(2) Enige verandering in 'n kennisgewing in subreël (1) bedoel moet voor uitreiking of heruitreiking deur die vonnisskuldeiser of sy prokureur en deur die klerk van die hof gearrafeer word.

(3) Wanneer 'n vonnis of bevel in artikel 65A (1) van die Wet bedoel in 'n ander hof as die hof van die distrik waar die ondersoek gehou word, gevel of gegee is, moet die klerk van die hof die kennisgewing nie uitreik nie voordat daar by hom 'n afskrif ingedien is van die vonnis of bevel van sodanige ander hof welke afskrif behoorlik gewaarmerk is deur die klerk van daardie ander hof, wat ook moet sertifiseer dat die hof nie uit hoofde van die bepalings van artikel 18 van die Wet op Huurkoop, 1942 (Wet No. 36 van 1942), daarvan uitgesluit is om 'n order of bevel in daardie artikel genoem te gee nie.

(4) Die magtiging tot die uitreiking van 'n lasbrief in artikel 65F (1) of artikel 65G van die Wet bedoel, verval indien die lasbrief nie binne een jaar na die datum van die magtiging uitgereik word nie: Met dien verstande dat as tot tevredenheid van die hof bewys

cause the authority was not acted upon within that period, the court may, on application, extend that period by a period not exceeding 12 months.

(5) For the purposes of this rule the expressions "printed form" and "printed" shall have a meaning corresponding to that of the expression "printed form" in rule 5.

(6) The provisions of rule 55 (1), (2), (4), (8) and (10) shall apply *mutatis mutandis* to the request referred to in section 65A (3) of the Act.

(7) The written offer referred to in section 65 shall be in affidavit or affirmation form setting out—

- (a) the full names of the judgment debtor, his residential and business address;
- (b) the name and address of his employer;
- (c) his marital status;
- (d) the number of his dependants, their age and their relationship to him;
- (e) his assets and liabilities;
- (f) his gross weekly or monthly income (including that of his spouse and dependants) and expenses;
- (g) the number of emoluments attachment orders or other court orders against him and the total amount payable thereunder;
- (h) his offer and the dates of the proposed instalments."

14. The substitution for rule 46 of the following rule:

"RULE 46

Attachment of Emoluments by Emoluments Attachment Order

46. (1) When an emoluments attachment order is issued by the judgment creditor out of any court other than the court in which the judgment or order was obtained, a certified copy of the judgment or order against the judgment debtor shall accompany the affidavit or affirmation or certificate referred to in section 65J (2) (b) of the Act.

(2) An emoluments attachment order shall be issued in the form as prescribed in Annexure 1 and shall contain sufficient information to enable the garnishee to identify the judgment debtor, including the identity number or work number or date of birth of the judgment debtor."

15. The substitution for rule 47 of the following rule:

"RULE 47

Attachment of a Debt by Garnishee Order

47. (1) An application for an attachment of a debt shall be supported by an affidavit or affirmation by the creditor or a certificate by his attorney stating—

- (a) that a court—
 - (i) has granted judgment to the judgment creditor; or
 - (ii) has ordered the payment of a debt referred to in section 55 and costs in specific instalments;
- (b) that the court is not barred by the provisions of section 18 of the Hire-Purchase Act, 1942 (Act 36 of 1942), from issuing an order referred to in that section;
- (c) that such judgment or order referred to in subrule (1) (a) is still unsatisfied, stating the amounts still payable thereunder;

word dat daar om gegronde redes nie binne genoemde tydperk aan die magtiging uitvoering gegee is nie, die hof op aansoek die tydperk met 'n tydperk van hoogstens 12 maande kan verleng.

(5) Vir doeleindes van hierdie reël het die uitdrukings "gedrukte vorm" en "gedruk" 'n betekenis wat met dié van die uitdrukking "gedrukte vorm" in reël 5 ooreenstem.

(6) Die bepalings van reël 55 (1), (2), (4), (8) en (10) is *mutatis mutandis* van toepassing op die versoek bedoel in artikel 65A (3) van die Wet.

(7) Die skriftelike aanbod in artikel 65 genoem, moet in die vorm van 'n beëdigde verklaring of 'n bevestiging wees waarin uiteengesit word—

- (a) die volle name van die vonnisskuldenaar, sy woon- en werksadres;
- (b) die naam en adres van sy werkgever;
- (c) sy huwelikstaat;
- (d) die getal afhanklikes wat hy het, hulle ouderdom en hulle verwantskap tot hom;
- (e) sy bates en laste;
- (f) sy bruto weeklikse of maandelikse inkomste (met inbegrip van dié van sy eggenote en afhanklikes) en uitgawes;
- (g) die getal besoldigingbeslagbevele of ander hofbevele teen hom en die totale bedrag ingevolge daarvan betaalbaar;
- (h) sy aanbod en die datums van die voorgestelde paaielemente."

14. Die vervanging van reël 46 deur die volgende reël:

"REËL 46

Beslaglegging op Besoldiging by wyse van 'n Besoldigingbeslagbevel

46. (1) Wanneer die vonnisskuldeiser 'n besoldigingbeslagbevel uitreik uit 'n ander hof as die hof waar 'n vonnis of bevel verkry is, moet 'n gewaarmerkte afskrif van die vonnis of bevel teen die vonnisskuldenaar die beëdigde verklaring of bevestiging of sertifikaat in artikel 65J (2) (b) van die Wet bedoel, vergesel.

(2) 'n Besoldigingsbeslagbevel word uitgereik in die vorm soos in Bylae 1 voorgeskryf en moet voldoende inligting bevat, met inbegrip van die vonnisskuldenaar se identiteitsnommer of werksnommer of geboortedatum, sodat die beslagskuldenaar in staat is om die vonnisskuldenaar te identifiseer."

15. Die vervanging van reël 47 deur die volgende reël:

"REËL 47

Beslaglegging op 'n Skuld by wyse van 'n Skuldbeslagbevel

47. (1) 'n Aansoek om beslaglegging op skuld moet gesteun word deur 'n beëdigde verklaring of 'n bevestiging deur die skuldeiser of 'n sertifikaat deur sy prokureur waarin vermeld word—

- (a) dat 'n hof—
 - (i) vonnis aan die vonnisskuldeiser verleen het; of
 - (ii) die betaling in bepaalde paaielemente van 'n skuld in artikel 55 bedoel en koste beveel het;
- (b) dat die hof nie uit hoofde van die bepalings van artikel 18 van die Wet op Huurkoop, 1942 (Wet No. 36 van 1942), daarvan uitgesluit is om 'n order of bevel in daardie artikel genoem, uit te reik nie;
- (c) dat die vonnis of bevel in subreël (1) (a) vermeld nog onvoldaan is, met vermelding van die bedrae wat nog ingevolge daarvan betaalbaar is;

(d) that the garnishee resides, carries on business or is employed within the district, with mentioned of the address of the garnishee; and

(e) that a debt is at present or in future owing or accruing by or from the garnishee to the judgment debtor and the amount thereof.

(2) Unless the application is directed to the court which granted the judgment or order referred to in subrule (1) (a), a certified copy of the judgment or order against the judgment debtor shall accompany the affidavit or affirmation or certificate referred to in subrule (1).

(3) Sufficient information including the identity number or work number or date of birth of the judgment debtor shall be furnished in a garnishee order to enable the garnishee to identify the judgment debtor.

(4) Upon such application the court may require such further evidence as it may deem fit.

(5) Upon such application the court may order the garnishee to pay to the judgment creditor or his attorney so much of the debt at present or in future owing or accruing by or from him to the judgment debtor as may be sufficient to satisfy the said judgment, together with the costs of the garnishee proceedings (including the costs of service), or failing such payment to appear before the court on a day to be named in the said order and show cause why he should not pay such debt.

(6) The clerk of the court shall note upon the face of such order the day it was made.

(7) Such order shall be served upon the garnishee and upon the judgment debtor and shall operate as an attachment of the said debt in the hands of the garnishee.

(8) The judgment debtor and the garnishee may appear on the day fixed for the hearing of the application, but may not question the correctness of the judgment on which the application is based.

(9) If the garnishee does not dispute his indebtedness to the judgment debtor, or allege that he has a set-off against the judgment debtor or that the debt sought to be attached belongs to or is subject to a claim by some other person, or if he shall not appear to show cause as provided in subrule (6), the court may order the garnishee to pay the debt (or such portion of it as the court may determine) to the judgment creditor or his attorney on the dates set out in the said order; and should the garnishee make default, execution for the amount so ordered and costs of the said execution may be issued against the garnishee. The provisions of rules 36 to 43, inclusive shall *mutatis mutandis* apply to execution in terms of this subrule.

(10) If the garnishee disputes his liabilities to pay the said debt or alleges that he has any other defence, set-off or claim in reconvention which would be available to him if he were sued for the said debt by the judgment debtor, the court may order the garnishee to state, orally or in writing, on oath or otherwise, as to the court may seem expedient, the particulars of the said debt and of his defence thereto and may either hear and determine the matters in dispute in a summary manner or may order—

(a) that the matters in issue shall be tried under the ordinary procedure of the court; and

(d) dat die beslagnskuldenaar in die betrokke distrik woon, besigheid dryf of in diens is, met vermelding van die adres van die beslagnskuldenaar; en

(e) dat 'n skuld deur of van die beslagnskuldenaar dan of in die toekoms aan die vonnisskuldenaar verskuldig is of hom toekom, en die bedrag daarvan.

(2) Tensy die aansoek gerig word aan die hof wat die vonnis of bevel gevel of uitgereik het wat in subreël (1) (a) bedoel word, moet 'n gewaarmerkte afskrif van die vonnis of bevel teen die vonnisskuldenaar die beëdigde verklaring of bevestiging of sertifikaat in subreël (1) vermeld, vergesel.

(3) Voldoende inligting, met inbegrip van die vonnisskuldenaar se identiteits- of werksnommer of geboortedatum, moet in 'n skuldbeslagbevel verstrek word sodat die beslagnskuldenaar in staat is om die vonnisskuldenaar te identifiseer.

(4) By sodanige aansoek kan die hof sodanige verdere getuienis vereis as wat hy goedvind.

(5) By sodanige aansoek kan die hof die beslagnskuldenaar beveel om aan die vonnisskuldeiser of sy prokureur soveel van die skuld wat dan of in die toekoms deur of van hom aan die vonnisskuldenaar verskuldig is om hom toekom, te betaal as wat voldoende is om genoemde vonnis, tesame met die koste van die skuldbeslagverrigtinge (met inbegrip van die koste van betekening) te dek, of om, by versuim om sodanige betaling te doen, op 'n dag wat in genoemde bevel bepaal word, voor die hof te verskyn om redes aan te voer waarom hy nie sodanige skuld moet betaal nie.

(6) Die klerk van die hof moet op die voorkant van sodanige bevel die datum aanteken waarop dit uitgereik is.

(7) Sodanige bevel moet aan die beslagnskuldenaar en aan die vonnisskuldenaar beteken word en geld as 'n beslaglegging op genoemde skuld in die hande van die beslagnskuldenaar.

(8) Die vonnisskuldenaar en die beslagnskuldenaar kan op die dag wat vir die aanhoring van die aansoek bepaal is, verskyn maar kan nie die juistheid van die vonnis waarop die aansoek berus, in twyfel trek nie.

(9) Indien die beslagnskuldenaar nie sy aanspreeklikheid teenoor die vonnisskuldenaar betwis nie of nie beweer dat hy 'n skuld teen die vonnisskuldenaar kan verreken nie of dat die skuld waarop beslaglegging verlang word aan iemand anders behoort of onderworpe is aan 'n vordering deur iemand anders nie, of indien hy nie verskyn om redes soos in subreël (6) bedoel aan te voer nie, kan die hof die beslagnskuldenaar beveel om die skuld (of sodanige gedeelte daarvan as wat die hof bepaal) aan die vonnisskuldeiser of sy prokureur te betaal op die datums in die bevel vermeld; en indien die beslagnskuldenaar versuim om dit te doen, kan 'n lasbrief vir eksekusie vir die bedrag aldus beveel en die koste van genoemde tenuitvoerlegging teen die beslagnskuldenaar uitgereik word. Die bepalings van reëls 36 tot en met 43 is *mutatis mutandis* op tenuitvoerlegging kragtens hierdie subreël van toepassing.

(10) Indien die beslagnskuldenaar sy aanspreeklikheid om genoemde skuld te betaal, betwis of aanvoer dat hy 'n ander verweer, skuldvergelyking of teenvordering waarop hy hom sou kon beroep as hy deur die vonnisskuldenaar vir genoemde skuld gedagvaar sou word, kan opwerp, kan die hof die beslagnskuldenaar beveel om skriftelik of mondeling, onder eed of andersins, na gelang die hof dienstig ag, die besonderhede van genoemde skuld en sy verweer daarteen uiteen te sit en kan die hof die geskilpunte summier aanhoor en beslis of beveel—

(a) dat die geskilpunte kragtens die gewone procedure van die hof aangehoor word; en

(b) that, for the purpose of such trial, the judgment creditor shall be plaintiff and the garnishee defendant, or vice versa.

(11) If the garnishee alleges that the said debt belongs to or is subject to a claim by some other person the court may extend the return day and order such other person to appear and state the nature and particulars of his claim and either to maintain or relinquish it, and may deal with the matter as if the judgment creditor and such other person were claimants in interpleader in terms of rule 44.

(12) If the judgment debtor alleges that the judgment has been satisfied or is for some other reason not operative against him, or that the garnishee is not indebted to him, the court may try the issue summarily.

(13) After hearing the parties or such of them as appear the court may—

(a) order payment by the garnishee in terms of subrule (9);

(b) declare the claim of any person to the debt attached to be barred;

(c) dismiss the application;

(d) make such other order as may be just.”

16. The substitution for rule 48 of the following rule:

“RULE 48

Administration Orders

48. (1) A creditor who, in terms of section 74F (3) of the Act, wishes to object to any debt listed with the administration order or to the manner in which the order commands payments to be made, shall do so within 28 days after the granting of the order has come to his notice.

(2) A creditor who, in terms of section 74G (10) (b) of the Act, wishes to object to any debt included in the list of creditors shall, within 14 days after he has received a copy of the administration order, notify the administrator in writing of his objections and the grounds whereupon his objections are based.

(3) In a matter referred to in subrule (2) the administrator shall obtain from the clerk of the court a suitable day and time for the hearing of the objections by the court and thereupon, in writing, notify the creditor referred to in subrule (2), the debtor and any other involved creditors, of the said day and time.

(4) An administrator may, in terms of section 74L (1) (b) of the Act, before making a distribution referred to in that section detain an amount not exceeding 25 per cent of the amount collected to cover the costs that he may have to incur if the debtor is in default or disappears: Provided that the amount in the possession of the administrator for this purpose at any stage shall not exceed the amount of R30.

(5) Should the administrator be an officer employed by the State the remuneration referred to in section 74L of the Act shall accrue to the State.”

17. The substitution for rule 58 of the following rule:

“RULE 58

Interest

58. If the defendant has not consented to judgment before the expiration of the time allowed for appearance to defend, interest from the date of issue of the summons to the date of judgment may in the judgment be

(b) dat, vir doeleindes van sodanige verhoor, die vonnisskuldeiser die eiser is en die beslagskuldenaar die verweerder, of omgekeerd.

